

'n Sagte uitrusting vir uitspan.
Die patroon is só maklik dat jy dit
in 'n japtrap aan mekaar slaan.

Deur Riana van der Merwe

Klere wat *gemaklik pas*

foto's MARC BOW; grimering en hare LYNN van PROFESSIONAL BOOKINGS; model ANDREA van WARD MODELS; bykomstighede van NICCI, (011) 442-5184



foto geneem by RANDBURG se WATERKANT

ALGEMENE AANWYSINGS

- Kyk na wenke vir stikwerk op breistowwe.
- Gebruik deurgaans bypassende masjien-gare.
- Plaas patroondele se RK teen mekaar wanneer nate gestik word.

AFKORTINGS

AP = agterpant; MA = middel agter; MV = middel voor; RK = regte kant; VK = verkeerde kant; VP = voorpant.

TUNIEK


JY BENODIG

2 m x 150 cm truistof – staan as *jersey cloth* bekend; bypassende gare; sowat 3,5 m katoenband.

MAAK SÓ

- Meet jou arm aan sy bokant, van hals tot pols, terwyl jy hom effens geboë hou. Tel 3 cm by. (A) Meet breedte van hals aan agterkant. (B) Meet nou rug van hals tot soom. Tel 3 cm by vir soom. (C) Meet pols en tel 15 cm by. Deel totaal deur 2. (D) Meet heup en tel 20 cm by. Deel totaal deur 4. (E).
- Maak nou patroon deur jou mates op diagram in te vul en in werklike grootte op patroonpapier uit te teken.
- Stik skouer- en synate met rekstiksel. Versterk skouernate met katoenband. Knip strook van 30 cm lank en breed genoeg om in hals te pas. Stik lang sy toe sodat jy buis verkry. Vou rafelrande op mekaar en VK na binne. Stik in halslyn vas.
- Stik katoenband 3,5 cm van onderste rafelrand af vas. Sorg dat breistof nie rek nie – katoenband moet dit stewig hou. Vou 3 cm-soom om na VK en stik vas. Soom moue.
- Pars liggies met 'n lap.

DIAGRAM VIR TUNIEK



ROMP

JY BENODIG

Rokstof met vaste plooië – 1 x jou heupmaat + 5 cm; rek om gerieflik om jou middellyf te pas.

MAAK SÓ

- Meet verlangde lengte van romp en tel 2 x rek se breedte en 2 cm by. Knip 1 kant van lap af sodat verlangde lengte verkry word.
- Stik 2 lang sye aan mekaar vas. Sorg dat onderste sy – wat nie geknip is nie – se punte presies op mekaar is. Lap word nie gesoom nie.
- Sit rek by boonste geknipte rand in.

WERK SÓ MET BREISTOF

• Voorbereiding en uitknip

Was die breistof liefies vooraf – party stowwe verloor hul fatsoen of krimp wanneer dit die eerste keer gewas word. Moenie die stof rek wanneer jy dit uitlê nie. 'n Rollem-skêr met 'n sintetiese uitknipplank onder die lap werk uitstekend vir breistowwe.

• Die stik van breistowwe

Naaimasjien

Volg die vervaardiger van jou naaimasjien se aanwysings vir 'n rekstiksel. As geen aanwysings verskaf word nie, stel die sigsagknop op 1 en jou steeklengte op 2,5. Die naat sal dan meegee sonder dat die gare breek. Jy kan die rafelrande met 'n breë sigsagstiksel afwerk.

Omkapmasjien

Gedifferensieerde voer is noodsaaklik om breistof te stik. As jou omkapmasjien nie differensieervoer het nie, stik die naat met jou naaimasjien en werk dit dan af met die omkapmasjien.

'n Vierdraadstiksel werk die beste op breistof wat nie baie moet rek nie – soos in ons artikel.

As die nate baie moet meegee, soos by styfpassende kledingstukke, gebruik liever 'n breë omkapsteek. As die stof taamlik dik is, stel die differensieervoer hoër. Toets eers die naat op 'n reslapie sodat jy tevrede is met die rekbaarheid daarvan. As die naat uitrek terwyl jy stik, stel die differensieervoer nog hoër. As dit te veel intrek, stel dit laer.

Naalde

Gebruik bolpuntaalde – die punte is rond en sal die drade van jou breistof nie beskadig of breek nie. As die drade breek, kan die breistof leer.



DASSIE


JY BENODIG

30 x 10 cm kleedstof; knopie of kraletjie.


MAAK SÓ

- Knip 4 van patroondele en versterk met Vilene.
- Stik 2 pante by kort, reguit sy aan mekaar, herhaal met ander 2 pante en stryk nate oop.
- Plaas RK op mekaar en stik rondom toe – laat opening sodat jy das daardeur kan omdop.
- Versier punte met kralewerk. Werk knopie op regterkantse boonste punt vas en maak knoopsgaatjies aan linkerkant.

DIAGRAM VIR DASSIE



MAAK PATROON VIR HANDSKOEN SÓ



Riana van der Merwe het die sakkies en handskoene en SIMON RADEMAN die dassie eksklusief vir ROOI ROSE gemaak.